

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2022

BESIGHEIDSTUDIES V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ’n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ’n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**20**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**2**	**40**	**70**
	3	**40**	
	4	**40**	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	**5**	**40**	**30**
	6	**40**	
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ’n nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet vereis van besighede om kliënte se finansiële agtergrond na te gaan voordat hulle lenings aan hulle toegestaan word:

A Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008)
B Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)
C Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
D Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005)

1.1.2 Karoo Finansies word bedryf in die … sektor aangesien hulle in die verskaffing van finansiële dienste spesialiseer.

A tersiêre
B ekonomiese
C primêre
D sekondêre

1.1.3 Werkers mag nie meer as … ure in 'n week werk nie.

A 30
B 40
C 45
D 60

1.1.4 Die proses om onderhoude te voer om die mees geskikte aansoeker te identifiseer, staan as ... bekend.

A keuring
B indiensneming
C werwing
D plasing

1.1.5 Die … funksie verseker nakoming aan onlangse wetgewing.

A bemarkings-
B openbarebetrekkinge
C aankope-
D produksie-

(5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

gehaltebeheer; byvoordele; SSGB ('SWOT'); strategie evaluering; internskap; gehalteversekering; leerlingskap; verpligte voordele; PESTWO ('PESTLE'); strategiese bestuur

1.2.1 'n …-ooreenkoms sluit praktiese werkondervinding in wat tot 'n erkende beroepskwalifikasie kan lei.

1.2.2 Frank Vrugte het 'n …-analise saamgestel om uitdagings in hul interne omgewing te identifiseer.

1.2.3 Die proses om besigheidsaktiwiteite te kontroleer en prestasie te meet, staan as … bekend.

1.2.4 Besighede bied voertuigtoelaes as 'n … aan om werknemers te lok.

1.2.5 Etienne Vervaardigers gebruik ... wanneer hulle hul produkte slegs na afloop van die produksieproses inspekteer.

(5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by ’n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Vaardigheids-ontwikkelings-heffing	A	kandidate se aansoekvorms word teen die vereistes van die pos gekontroleer
1.3.2	Voorwaartse integrasie	B	poog om die behoeftes van verbruikers te bevredig en besighede se prosesse te verbeter
1.3.3	Pos-spesifikasie	C	werkgewers dra 1% van hulle betaalstaat aan SAID by om werknemers op te lei
1.3.4	Plasing	D	besigheid neem sy verskaffer oor
1.3.5	Totale gehalte-bestuur	E	beskryf die pligte en verantwoordelikhede van ’n spesifieke pos
		F	poog om die besigheid se posisie in die mark te analiseer
		G	kandidate se vaardighede en vermoëns word by die vereistes van die pos gepas
		H	besigheid neem sy verspreider oor
		I	beskryf die minimum persoonlike eienskappe wat vir ’n pos benodig word
		J	werkgewers en werknemers dra 1% van hulle betaalstaat aan SAID by om werknemers op te lei

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige VIER verbruikersregte soos in die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) gestipuleer. (4)

2.2 Beskryf kortliks die rol van SOOO's ('SETAs') in die ondersteuning van die Wet op Vaardigingsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 op 1998). (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BEYERS BOEKE (BB)

Beyers Boeke spesialiseer in die verkoop van skoolhandboeke in die Gauteng provinsie. Onlangs het hulle ook takke in die Vrystaat en Oos-Kaap provinsies oopgemaak.

2.3.1 Identifiseer die soort intensiewe strategie wat deur Beyers Boeke in die scenario hierbo gebruik is. (2)

2.3.2 Verduidelik die voordele van intensiewe strategieë. (4)

2.4 Beskryf die proses van *strategiese bestuur*. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

USANDA HANDELAARS (UH)

Usanda Handelaars is 'n groot kleinhandelonderneming en het baie werknemers in diens. Hulle weier om hul werknemers gesinsverantwoorde-likheidsverlof toe te staan om siek familielede te ondersteun.

2.5.1 Identifiseer die Wet wat van toepassing is op UH in die scenario hierbo. (2)

2.5.2 Verduidelik ander optrede wat as nienakoming van die Wet geïdentifiseer in VRAAG 2.5.1 beskou kan word. (4)

2.6 Bespreek die impak van die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBS), 1997 (Wet 61 van 1997) op besighede. (6)

2.7 Beveel maniere aan waarop besighede die uitdagings wat die volgende PESTWO-faktore bied, kan hanteer.

2.7.1 Omgewing (4)

2.7.2 Tegnologiese (4)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem enige VIER aspekte wat by 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word. (4)

3.2 Beskryf kortliks die rol van die aansoeker gedurende die onderhoud. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

GROEN-LEWE HANDELAARS (GLH)
Groen-lewe Handelaars bied omgewingsvriendelike skoonmaak-produkte aan. John, die bemarkingsbestuurder, het besluit om GLH te verlaat nadat hy 'n beter werksgeleentheid aangebied is. Mary se dienskontrak is beëindig toe sy die ouderdom van 65 bereik het.

3.3.1 Identifiseer TWEE redes vir die beëindiging van die indiensnemings-kontrakte van toepassing op GLH. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.3.1 te beantwoord.

REDES VIR DIE BEËINDIGING VAN INDIENSNEMINGSKONTRAKTE	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

3.4 Bespreek die impak van interne werwing op besighede. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NEON TEL BEPERK (NTB)
Neon Tel Beperk verbeter voortdurend hulle prosesse en stelsels. Die bestuur versoek altyd dat gehaltesirkels voorstelle vir die verbetering van stelsels en prosesse maak. Gehaltesirkels verseker ook dat daar geen duplisering van take in die werkplek is nie.

3.5.1 Haal TWEE rolle van gehaltesirkels as deel van die deurlopende verbetering van prosesse en stelsels uit die scenario hierbo aan. (2)

3.5.2 Verduidelik ander rolle van gehaltesirkels as deel van die deurlopende verbetering van prosesse en stelsels. (6)

3.6 Bespreek maniere waarop totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte kan verminder. (6)

3.7 Adviseer besighede oor die gehalteaanwysers van die algemene bestuursfunksie. (6)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Noem enige TWEE soorte diversifikasiestrategieë. (2)

4.2 Identifiseer die kragte van Porter se Vyf kragte-model wat van toepassing is op Mike Tuine in ELKE stelling hieronder:

4.2.1 Mike Tuine het net 'n klein hoeveelheid kapitaal benodig om sy besigheid te begin.

4.2.2 Xolani het 'n nuwe tuindienste geopen wat dienste teen laer pryse as Mike Tuine aanbied. (4)

4.3 Noem TWEE besigheidsomgewings en noem die mate waartoe 'n besigheid ELK van hierdie omgewings kan beheer.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.3 te beantwoord.

BESIGHEIDSOMGEWINGS	MATE VAN BEHEER
1.	
2.	

(4)

4.4 Bespreek TWEE soorte defensiewe strategieë. (6)

4.5 Stel maniere voor waarop besighede ondernemings- en verskafferontwikkeling (OVO) as 'n pilaar van die BBSEB in die werkplek kan toepas. (4)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.6 Lys TWEE salarisbepalingsmetodes wat besighede kan toepas om hul werknemers te vergoed. (2)

4.7 Identifiseer die bronne van eksterne werwing wat deur Ubenathi Enterprise in ELK van die stellings hieronder gebruik word:

4.7.1 Ubenathi Enterprise het 'n diensaanbod aan 'n ervare bestuurder by Frankie Handelaars gemaak.

4.7.2 Hulle het 'n verkoopsposisie op Facebook geadverteer. (4)

4.8 Verduidelik WVF as 'n voordeel deur die wet vereis. (4)

Kopiereg voorbehou

4.9 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

SUKANYA VERVAARDIGERS (SV)
Sukanya Vervaardiger is 'n groot produsent van bakstene. Hulle benut masjiene en toerusting optimaal. SV het prestasie-aansporings aan hul personeel gebied om kwaliteit werk aan te moedig.

4.9.1 Identifiseer TWEE besigheidsfunksies wat van toepassing is op SV. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.9.1 te beantwoord.

BESIGHEIDSFUNKSIES	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

4.10 Adviseer besighede oor die voordele van van deurlopende vaardigheids-ontwikkeling/onderwys en opleiding as 'n element van totale gehaltebestuur (TGB) op groot besighede. (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy of VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998) is ingestel om gelykheid vir alle mense in die werkplek te verseker. Besighede kan boetes in die gesig staar vir nienakoming van die EEA, daarom is besighede verplig om aan die vereistes van die Wet te voldoen.

Skryf 'n opstel oor Wet op Gelyke Indiensneming waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die doel van die Wet op Gelyke Indiensneming.
- Verduidelik die strafmaatreëls/gevolge van nienakoming van die WGI.
- Bespreek die impak van WGI op besighede.
- Stel maniere voor waarop besighede aan hierdie Wet kan voldoen. **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)

Gehaltebestuur en gehalteprestasie moet deur besighede gebruik word om gehalte van prestasie in die werkplek te verseker. 'n Goeie gehaltebestuurstelsel moet in plek wees sodat die eindproduk klante tevrede kan stel. Besighede moet bewus wees van die impak van totale gehaltebestuur (TGB) as dit swak geïmplementeer word om dit ten alle koste te vermy.

Skryf 'n opstel oor gehalte waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskille tussen *gehaltebestuur* and *gehalteprestasie.*
- Verduidelik die voordele van 'n goeie gehaltebstuurstelsel.
- Bespreek die impak van totale kliënte-/klante-tevredenheid as 'n element van TGB op groot besighede.
- Adviseer besighede oor die impak van TGB indien besighede dit swak implementeer. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou